Put God first Deuteronomy 6:5 (NIV)

Resources

Photo Siya Kolisi
Video: Denzel Washington
Read:
Deuteronomy 6:5 (NIV) Love the Lord your God with all your heart and with all your soul and with all your strength.
Matthew 22:37 (NIV)
Jesus replied: "'Love the Lord your God with all your heart and with all your soul and with all your mind.

Introduction
Show a photo of Siya Kolisi taken after the Springboks won the World Cup for rugby. What do you see on his armband? The word Jesus. He points upwards with his finger. Siya acknowledges Jesus.



https://www.dailymail.co.uk/sport/rugbyunion/article-7642223/Siya-Kolisi-hopes-role-model-inspiring-Springboks-Rugby-World-Cup-final-victory.html

God first in our lives

They asked Jesus what the greatest commandment is. Jesus answers them that you must love the Lord your God with all your heart, soul, and mind. To love God with all our hearts means to love God with all our being. That God must be with us every moment of the day. We must ask God to show us His will and show us which way to go. We must continue to love God even if it feels to us as if our prayers are not being answered. We must continue to love God even as we go through difficult times

To love God with our whole soul means that we must love God when things go badly and well with us and all the days in between. We must remember that



God first loved us and still loves us. If you love God with your soul, there must be the need to be with God on earth and in heaven.

Why should we put God first?

We will stay on the path He has planned for us by putting God first. Our lives will not feel empty and useless. Without Him, everything you achieve means nothing. Denzel Washington, the movie star, says that all he has is by the grace of God. It is a gift from God. We must put God first in everything we do. We must acknowledge God in all that we achieve. What we have and what we achieve is only by the grace of God.



How can we put God first?

- Start and end each day with a prayer. Ask God to show you what He wants you to do that day.
- Pray for advice if you have to make difficult decisions.
- Be thankful for what you receive from the Lord.
- Give Him recognition for every achievement.
- Find out what God's plan is for our lives. Do this by reading the Bible or by prayer. Go to church regularly and meet other believers.

- Take God with you every day. We do not just have to pray every morning and evening. We can talk to God throughout the day. You can remember certain appropriate Bible verses and recite them to yourself.

- See God in everyday life. See God in every beautiful thing He has created, such as flowers, mountains, trees, and even other people. Make a point of noticing the beautiful things and gifts we receive from God.

Prayer

Thank you, Lord, for everything we have received from you. Please help us always to put You first. Please let us remember that everything we own is only lent to us and belongs to You.

Amen

<u>God eerste in jou lewe</u> <u>DEUTERONOMIUM 6:5 (AFR8)</u>

Lees
DEUTERONOMIUM 6:5 (AFR8) Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag.
MATTEUS 22:37 AFR83
Jesus antwoord hom: " Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand."

Inleiding
Wys 'n foto van Siya Kolisi geneem nadat die Springbokke die wêreld beker vir rugby verower het. Wat sien jy op sy armband? Die woord Jesus. Hy met sy vinger na bo wys. Siya gee dus duidelik erkenning aan Jesus.



https://www.dailymail.co.uk/sport/rugbyunion/article-7642223/Siya-Kolisi-hopes-role-model-inspiring-Springboks-Rugby-World-Cup-final-victory.html

God eerste in ons lewens

Mense het Jesus gevra wat die grootste gebod is. Jesus antwoord hulle dat jy die Here jou God moet liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Om God lief te hê met ons hele hart beteken dat ons God met ons hele wese moet liefhê. God moet elke oomblik van die dag by ons wees. Ons moet God vra om ons Sy wil vir ons te wys, en ons te wys op watter pad ons moet loop. Ons moet God bly liefhê al voel dit vir ons of ons gebede nie verhoor word nie. Ons moet God bly liefhê al gaan ons deur moeilike tye.

Om God lief te hê met ons hele siel beteken dat ons God moet liefhê as dit sleg gaan en goed gaan met ons, en al die dae tussenin. Ons moet onthou dat God ons eerste liefgehad het, en nog steeds vir ons lief is. Om God met jou siel lief te hê moet daar die behoefte wees om by God te wees nie net op die aarde nie, maar ook as ons sterf. Die behoefte om hemel toe te gaan en vir altyd by God te wees, moet ‘n lewenswyse wees!

Waarom moet ons God eerste plaas?

Deur God eerste te plaas, sal ons op die pad bly wat Hy vir ons beplan het. Ons lewens sal nie leeg en nutteloos voel nie. Sonder Hom beteken alles wat jy bereik niks. Denzel Washington die filmster sê dat alles wat hy het is deur die genade van God. Dit is ‘n geskenk van God. Ons moet God eerste plaas in alles wat ons doen. Ons moet God in alles wat ons bereik erkenning gee. Wat ons het en wat ons bereik is net deur die genade van God.



Hoe kan ons God eerste plaas?

Begin en eindig elke dag met ‘n gebed. Vra God om jou te wys wat Hy wil hê jy die dag moet doen.

Bid vir raad as jy moeilike besluite moet neem.

Wees dankbaar vir dit wat jy van die Here ontvang.

Gee Hom erkenning vir elke prestasie wat jy bereik.

Vind uit wat God se plan is vir ons lewens. Doen dit deur die Bybel te lees of deur gebed. Gaan ook gereeld kerk toe en ontmoet ander gelowiges.

Neem God elke dag saam met jou. Ons hoef nie net elke oggend en aand te bid nie. Ons kan deur die dag met God praat. Jy kan sekere gepaste Bybelverse onthou en dit vir jouself opsê.

Sien God raak in die alledaagse lewe. Sien God in sy wonderlike skepping. Sien God in elke wonderlike ding wat Hy geskep het soos blomme, berge, bome en selfs in ander mense. Maak ‘n punt daarvan om die mooi dinge en gawes en geskenke wat ons van God ontvang raak te sien.

Gebed

Baie dankie Here vir alles wat ons van U ontvang het. Help ons asseblief om U altyd eerste te plaas. Laat ons onthou dat alles wat ons besit, net aan ons geleen is en eintlik aan U behoort.

Amen